N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 46

13 November 2022

Die Vurk in die pad

Doodloopstrate en T- aansluitings is die wêreld vol. Soms kom jy self ook onverwags by ‘n vurk in die lewenspad. Dan wonder jy: moet ek links draai of regs? Moet ek omdraai of liewers stilstaan? Moet jy emigreer of bly? Moet jy met daardie persoon gaan praat wat ‘n probleem het, of moet jy nog ‘n rukkie wag?

Wees versigtig wie se raad jy volg

‘n Bofballegende , Yogi Berra het op ‘n keer gesê: “When you get to a fork in the road, take it!” Nou ja… Spreuke 3:5-6 help. “ Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.”

Drie vrae om te help

- **Watter aksies, keuses en woorde sal hier nou tot God se eer wees, en watter nie?**
- **Watter aksies, keuses, en woorde sal hier en nou bydra tot diens en opbou van ander mense en watter nie?**
- **Watter pad is die moeilikste pad, wat die meeste opoffering en selfverloëning van my gaan verg?**

Verhoudinge is belangrik vir God

Die Here se waarheid is nie abstrak nie, dit is verhoudingsgerig. Die regte waarheid bring ons dieper in verhouding met God, maar dit bring ons ook dieper in verhouding met ander mense.

Tor eer van God en voordeel van ander

God se eer en ander mense se opbopu is lewensbelangerike koersaanduidings wanneer jy moeilike keuses moet maak. Dan moet jy opnuut besef: “Dit draai nie alles om my nie!” Ons lewe is bedoel om as ‘n offer tot eer van Christus en tot voordeel van ander geleef te word. Daarom geld dit ook vir al die keuses wat ons maak. As ons dus nie weet of ons links of regs moet draai nie, weet ons het die keuse wat ons moet maak is die een wat God nog meer sal eer en wat ander mense nog meer sal dien.

Jesus se soort pad

Jer 17:9 leer dat ons harte nie aldag betroubaar is nie. Ons harte kan selfsugtig raak. Ons kan elke keer keuses maak wat net onsself bevoordeel en wat ons persoonlik sal help. Daarom moet ons onself gedurig by elke vurk in die pad vra – watter roete sal die meeste selfverloëning van ons verg? Dan weet ons dis die regte pad, want dis Jesus se soort pad.

‘n Lig vir my pad en ‘n lamp vir my voet

Nou ja, daardie vurke in die pad is deesdae nie meer sulke groot krississe nie, want die Here se Woord is ook hier die lig vir ons pad en die lamp vir ons voet. – Prof. Stephan Joubert

Dankie!

- **Vir die reën wat oor verskeie dele van ons land geval het! En ook hier by ons.**
- **Vir die Heilige Gees wat in ons woon om ons te help met ons keuses!**
- **Dat Sy Woord ‘n lig vir ons pad en ‘n lamp vir ons voet is!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – vir die voorbereiding van eksamens wat voorlê en vir die matrieks wat alreeds begin het..

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Jaap Naudé
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Lucinda Graaff
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Mackenzie Roux
- Suzelle Barkhauzen.
- Corrie Botha
- Louis Strauss
- Louise Claasen
- Hannie Booysens
- Wally Fourie

Susan van Zyl
Petro Schneider
Sannie Wentzel
Martie van Staden
Jaco Steenkamp
Piet Loggenberg
Tannie Bets Coetzee
Oom Hannes Loots
Tannie Rina Loots
Lilian van Zyl
Oom Eberhard Carshagen
Lettie Bezuidenhout

Ina van der Merwe
Heleen Jv Vuuren
Wynand Storm

Gedagte vir die week

“Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou lewe.”

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org